Feesblad

NG Gemeente Meyerspark

1959 tot 2019 - 60 Jaar van Genade

Mei 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 4

NG Gemeente Meyerspark word 60!

Hoofsaaklik geneem uit die publikasie "Rustig vloei die Moreletta" deur S J Kritzinger, 1980, en insette van die Kerkkantoor

Meyerspark het op 29 Mei 1959 van die NG Gemeente Silverton afgestig met 542 belydende- en 936 dooplidmate. Die Gemeente het Denneboom, Eerste Fabrieke, Murrayfield, Val de Grace Lydiana, Meyerspark en Silverton uitbreiding beslaan, asook die plaaswyke na die ooste. Salieshoek, met slegs 30 woonerwe, en La Concorde was ook deel van die Gemeente. Salieshoek is die mees noordwestelike deel van Meyerspark, aangrensend aan Watermeyerstraat en Pretoriastraat, terwyl La Concorde die gedeelte was waar die Pick'n Pay kompleks tans is.

Die eerste leraar, Ds. N.A.S. (Bertie) Lombard (1960 tot 1971) is in Januarie 1960 ontvang.

Ds. Bertie Lombard is opgevolg deur:

Ds. Johan Wannenburg (1967 tot 1994)
Ds. Karel Struwig (1971 tot 1979)
Ds. Chris Botha (1973 tot 1975)
Ds. Bernard Mostert (1979 tot 1982)
Ds. Josua Loots (1979 tot 1991)
Ds. Awie Erxleben (1982 tot 1994)
Ds. Uli Trümpelmann (1992 tot 2006)
Ds. Floors Ellis (2000 tot 2008)
Ds. Dirk Venter (2004 tot 2013)
Ds Ignatius Rademeyer (2014 tot 2015)
Ds. Christiaan Ackermann (2016 tot 2017)

Tans het die gemeente 2 leraars, Ds. Izak Liebenberg (sedert 1985) en Ds. Niekie Rothmann (sedert 2008).

Aanvanklik is die eredienste in die Silvertonse Stadsaal gehou en die kerkgebou is op 10 November 1962 ingewy. Die kerk is in 'n waaiervorm gebou, met ongeveer 500 sitplekke. Die firma Hartman en Van der Walt was die argitekte. Die kerkgebou het destyds R34 898 gekos en die bouer was mnr Bouwer. Die aankoopprys vir die orrel het R4 200 beloop en die instrument is gelewer deur SA Orrelbouers van Silverton. Die Kerksaal is op 22 Februarie 1969 ingewy en het R52 907 gekos. Die argitek was mnr. Pieter Rossouw, 'n inwoner van die gemeente en die bouer mnr. Siglè.

(Vervolg Bl 2)

Geskiedenis van die NG Gemeente Meyerspark *(Vervolg Bl 1)*

Twee gemeentes het van die gemeente afgestig: In 1971 het die gemeente Skuilkrans afgestig en in 1975 het die gemeente Silvertonpark afgestig.

Die gemeente Silvertonpark het ‘n besondere verbintenis met Meyerspark in die sin dat die samestelling van Silvertonpark (Silverton uitbreidings 5 en 15) se inwoners na 1994 mettertyd sodoende verander het dat die lidmaattal tot so ‘n mate afgeneem het dat die gemeente nie langer lewensvatbaar was nie. Op 1 April 2000 het Silvertonpark weer met Meyerspark saamgesmelt nadat dit vir 25 jaar ‘n onafhanklike gemeente was. Ds. Floors Ellis het saam met die gemeente oorgekom en ‘n pos in Meyerspark aanvaar totdat hy in 2008 afgetree het.

Inwyding van die saal - 1969

- Sarel en Kitty Smit

In Februarie 1969 was dit die inwyding van ons Kerksaal wat pas klaar gebou was. Die aand is dit ingewy met musiek en feesvieringe. Ons leraar in 1969 was Ds. Bertie Lombard en Ds. Johan en Mev. Erna Wannenburg. Hulle was ook teenwoordig .

Musiek was ’n belangrike item op die program en Ds. Bertie het op die saag “gespeel”, tesame met Eddie Davey, wat die orrel bespeel het (Eddie was ‘n kranige orrelspeler). Die Lowry orrel, wat die kerk vir die geleentheid gebruik het, was geleen van Sarel en Kitty Smit.

Ds. Johan Wannenburg was die tweede predikant wat reg in die begin, na ons afstigting van die Silverton Gemeente, ‘n beroep na Meyerspark aanvaar het.

Dit was vir die gemeente baie hartseer om te verneem dat Ds. Johan Wannenburg in 1994, kort na sy aftrede, in ’n huisroof noodlottig gewond is. Hy het toe in sy strandhous in Natal gewoon.

Bybelkiosk en Koop-’n-Bybel-Gee-’n-Bybel : ’n Projek sonder einde!

- Johan Pretorius

Jesus se laaste opdrag voor sy hemelvaart, was dat aan almal wat in Hom glo die boodskap van verlossing moet uitdra en alles moet onderhou wat Hy hulle geleer het (Matt 28:19). Vandag het ons almal ‘n Bybel, ‘n Boek wat die boodskap van ware vrede het - vrede wat op ‘n persoonlike verhouding met God gebaseer is. Daar is nog baie mense wat nie oor ‘n Bybel in hulle eie taal beskik nie en vir wie hierdie boodskap nog nie ontsluit is nie. Die behoefte om in hierdie leemte te voorsien is die doelwit van Koop ‘n Bybel - gee ‘n Bybel. Hierdie projek van die NG Gemeente Meyerspark het in 1992 tot stand gekom met die vestiging van ‘n Bybelkiosk by die busterminus in Watermeyerstraat. Wyle ouderling Orrie de Ridder het toestemming by die Stadsraad verkry om die ongebruikte kaartjieskantoor vir die doel te gebruik. Die kiosk staan as “Leseding” bekend, wat in Tswana “Plek van Lig” beteken.

Bybels is in al elf die landstale (Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa, Zoeloe, Sesotho, Sepedi, Tswana, Venda, Swati, Tsonga) beskikbaar, asook in Frans, Portugees, Shona (wat in Zimbabwe algemeen is) en Chewa (wat in Malawi gebruik word). Die Bybels in klein formaat is te koop teen R60 by die kiosk en R110 by die Kerkkantoor. Hierdie Bybels kos

(Vervolg Bl 3)

Geskiedenis van die Getuienis-bediening

- Gerrit van Niekerk

Wat vandag die Bereikbediening is, was destyds die Getuienisbediening genoem. Die werksaamhede het bekend gestaan as Projek 1:8, 'n titel wat deur Ds. Loots voorgestel is na aanleiding van Handelinge 1:8.

Gedurende 1997 en later het Projek 1:8 'n opbloei in Meyerspark beleef. Onder leiding van Luzette Jacobs wat destyds die voorsitter was, het die bediening besluit om die stelsel van Geloofbeloftes in te stel om befondsing te bekom. Daarvolgens is gemeentelede gevra om in die geloof 'n belofte te maak om bo en behalwe hulle gewone bydrae 'n bedrag vir Projek 1:8 te skenk as die Here hulle buitengewoon sou seën.

Gedurende die Getuienisfees in Februarie 1997 het die gemeente beloftes ter waarde van R193 000 ontvang. In vandag se terme met inflasie in ag geneem, was dit R579 000. Die Finansiële bediening het besluit dat die helfte van die bedrag voorlopig as begroting aangewend kon word. Na vier maande het die werklike bydraes alreeds 69% van die beloftes beloop. Uiteindelik is meer as die beloftes ontvang. Boonop het die gewone bydraes van die gemeente ook gegroei.

Die projekte wat ondersteun is, was:

Naaldwerkklas, Bybelkiosk (Koop-'n-Bybel-Skenk-'n-Bybel), Middestad Evangelisasie (Pretoria Gemeenskapbedieninge), Pennies kleuterskool, Mamelodi-Oos VGK, Stanza Bopape sondagskool en later kerkbou, Premiermyn (Refilwe) VGK, Ekangala, Rethabiseng, Maandagshoek, Back to the Bible training college wat later geskuif het na Sudan sending, World Mission Centre wêreld evangelisasie, Hausa van Noord-Nigerië, Israel Sending en Mission Russia wat later Kingdom Global geword het.

In 1999 het die kerkraad besluit dat die geloofbelofte stelsel slegs vir die Bybelkiosk gebruik sou word en dit is vandag nog so.

Tans is die Getuienisbediening by die volgende projekte betrokke:

Naaldwerkklas, Bybelkiosk, Wilgers Aftreeoord werkers, Donkerhoek evangelisasie, Pennies kleuterskool, Kingdom Global, FEBA radio, Geopende Deure, Digitale bediening, Reël en behartiging van sendingvoorlesings, EE3 kursus.

Bybelkiosk en Koop-'n-Bybel-Gee-'n-Bybel : 'n Projek sonder einde!

(Vervolg Bl 2)

R120 by boekwinkels. Die Kerk koop die Bybels van die Bybelgenootskap teen R95. Die Gemeenteprojek word befonds deur geloofsoffers van gemeente-lede, wat meebring dat Bybels teen die laer prys beskikbaar gestel kan word. Sedert 1992 is meer as 35 000 Bybels al versprei. Elke Bybel wat so versprei word, bied 'n geleentheid vir 'n getuienis, 'n saadkorrel wat in goeie grond val en 'n oes dra; dertig-, sestig- en honderdvoudig. En dit is hulle by wie die saad gesaai is, wat die Woord hoor en dit aanneem en vrugte dra (Matt 4: 8, 20). Vir hulle wat die Bybel die eerste keer koop en besit, word 'n deur oopgemaak en hulle kan 'n skatkamer binnegaan.

Gemeentesensus : Só lyk die gemeente in 2018

'n Groep vrywilligers uit die gemeente het vroeër die jaar gehelp om ‘n gemeentesensus uit te voer. Aan die einde sit ons met ‘n klomp syfers en die syfers vertel ‘n storie. Die syfers sê: so lyk die gesig van Meyerspark.

Ouderdom	**Getalle**
1-6	42
7-13	46
14-18	35
19-25	48
26-59	338
60-70	229
71-80	238
81-90	139
91-100	20
Totaal:	**1135**

509 jonger as 60 - (44.9%)
626 ouer as 60 - (55.1%)

Uit hierdie syfers blyk dit duidelik dat Meyerspark besig is om sy middeljare te ontgroei. Wanneer die gemeente volgende jaar sy 60ste verjaarsdag vier, sal net so meer as die helfte van ons lidmate ook ouer as 60 wees (55.1%).

Vyftien persent van ons lidmate (171) is onder die ouderdom van 26 jaar. Hoewel byna al die kinders in skole buite ons gemeentegrense is, wil ons steeds vir die kinders en jongmense ‘n geestelike tuiste bied. Daarom wil ons ook op 13 Oktober 2018 wanneer die kerkraad sy jaarlikse beplanningsvergadering hou vir 2019 en die pad vorentoe, nuut dink oor die kategese en belydenisklas om seker te maak dat ons kinders ook daarby baatvind en dit geniet.

As 'n mens na die getalle en ouderdomsverspreiding kyk, lyk dit of Meyerspark ‘n ouerwordende gemeente is, maar as 'n mens kyk na al die aksies en aktiwiteite van die gemeente, is Meyerspark eintlik nog ‘n jong dinamiese gemeente. Die afgelope lentefees het weer eens bewys dat ons as gemeente steeds kan groei en dat elke lidmaat (jonk of oud) aan die aktiwiteite deelneem.

Baie dankie aan almal wat hart en siel deel is van hierdie gemeente. 'n Groot dankie ook aan almal wat gehelp het om die sensus uit te voer.

’n Padkos-verjaardagete

Op 29 Mei vanjaar is ons gemeente 60 jaar oud en as deel van ons verjaardagvieringe, hou ons weer op Sondag 26 Mei, na die oggenddiens, ’n padkosete. Diegene wat ons vorige padkosete aan die einde van verlede jaar se Pinksterdienste bygewoon het, sal kan getuig watter heerlike geleentheid dit was. Direk na die diens het gemeentelede hulle mandjies uit hul motors gaan haal, die tafels volgepak en almal lekker saamgekuier en gesmul aan mekaar se kos. Waar kom die naam Padkosete nou weer vandaan? Na Pinkster is ons mos op pad – Vir Jesus!

Vanjaar kan almal weer die tafels volpak met piekniekkos, maar daar sal ook heerlike wors gebraai word vir worsbroodjies wat die Verheerlik bediening sal verskaf. Net soos verlede jaar, sal koffie en tee ook aangebied word.

Ons nooi dus almal hartlik uit na ons tweede padkosete op **Sondag 26 Mei,** direk na die oggenddiens op die gras langs die toring, aan die Westekant van die kerk. Bring ’n piekniekmandjie, pak jou kos op die tafel uit en kom geniet ’n gesellige oggend saam met medegelowiges. Kom kuier en eet lekker saam!

My pad saam met die Seniors van Meyerspark - Ds Niekie Rothmann

Wat 'n voorreg is dit nie om vir die afgelope elf jaar by Meyerspark Gemeente betrokke te wees nie.

Nadat ek as Kapelaan in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens uit die Polisie is, het ek gewonder of ek ooit weer as predikant beroep sou word. Vir byna drie jaar het ek 'n gawe-bediening by Moreletapark Gemeente gedoen waar ek berading, siekebesoek en trauma berading gedoen het.

Gedurende hierdie tyd het ek dikwels met my pa oor my begeerte, om weer amptelik as predikant beroep te word, gepraat. Sy wyse geloofswoorde was : "My kind wees geduldig. Die Here sal die beste na jou toe laat kom..." Die beste het gekom toe ek vir 'n onderhoud genooi was en ek toe 'n beroep as Pastorale Hulp na Meyerspark gekry het.

Sedert Junie 2008 het ek wonderlike jare hier belewe. My opdrag as Pastorale Hulp was dat ek verantwoordelik sou wees vir al die Seniors in die gemeente. Wat 'n wonderlike bediening is dit nie!!

Hier het ek te doen gekry met die wonderlikste klomp mense wat 'n mens jou kan indink!!

Wat wou Seniors...!! Hierdie groep mense het die energie van tieners!! Niks is vir hulle té veel of té moeite of té moeilik nie. Druk jy op hulle knoppie, is hulle **altyd** gereed om te help hetsy teeskink by 'n begrafnis of 'n stalletjie by die Lentefees of wat ook al. Die voorbeeld wat hulle stel is beslis navolgenswaardig.

Ek het die voorreg gehad om met drie wonderlike voorsitters van die Senior Bediening te werk. Eers was daar Antoinette Herbst, toe Charlotte Rossouw en huidiglik Susan Nell. Waarlik die spreekwoordelike "ysters" mense wat alles bymekaar hou en organiseer. Elke week, gedurende die skoolkwartale, kom die Seniors op 'n Woensdag bymekaar, waar daar 'n sinvolle program vir hulle aangebied word. Dit behels gaskunstenaars, interessante praatjies, oefeninge, uitstappies, uit eet, braai, telepeletes... en nog baie meer. En dan natuurlik ons jaarlikse "vakansie" by Badplaas waar ons dertig Seniors lag, speel, swem en eet!! Woensdae is daar ook Bybelstudie- en gebedsgeleentheid.

Intussen is Wilgers Aftreeoord gebou. Hier loop ds Izak 'n pad met die Seniors.

Seniors is baie spesiaal. Met hul kennis, insig en lewenservaring, verryk hulle my lewe elke dag!!

Die woorde van my Pa het toe waar geword, naamlik "Die beste **het** gekom" ...my pad saam met die Seniors van Meyerspark!!!

Wat 'n wonderlike bediening... saam met 'n klomp gelowige, positiewe mense wat werklik 'n verskil maak in die Kerk en in die samelewing.

As ek aan die Seniors dink kom die woorde van Paulus in Filippense 1:3 elke keer by my op: *"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink!"*

Dankie Seniors!!

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
18 JAAR ONDERVINDING VAN
EIENDOMS VERKOPE IN AREA
KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS.
STIENIE NAUDE
FAR EIENDOMME
082 335 0720

Lief en Leed

Hennie van der Merwe is die afgelope tyd oorlede asook ds Niekie se ma. Ons gebede en meegevoel gaan uit na hulle naasbestaandes.

’n Pinksterreeks wat jy nie moet misloop nie! - Ds Izak Liebenberg

Pinkster is ‘n tyd van geestelike verdieping en verryking van jou eie geestelike lewe. Meimaand is Pinkstermaand en dit is ook die maand waarin die gemeente vanjaar sy sestigste verjaarsdag gaan vier. Baie van ons onthou nog die Pinksteraande en die saamsing en saamluister na Pinksterboodskappe. Omstandighede het egter so verander dat baie mense saans nie kan uitgaan nie. Pinksteraande kan ook baie koud en ongemaklik word vir ouer lidmate. Daarom het die Kerkraad ‘n paar jaar gelede besluit om nie meer ‘n Pinksterweek te hou nie, maar eerder ‘n Pinkstermaand! Die Pinksterdienste het geskuif van weeksaande na Sondagoggende sodat almal in Meimaand Pinkster kan vier.

Die tema vir **Pinkster 2019** is: ***‘n Lewe deur die Gees!*** Kom deel in die gees van Pinkster en lewe dan deur die Gees! Ons gaspredikers vir die spesiale dienste is:

5 Mei: Prof Piet Meiring – Prof Meiring was vir jare deel was van die Ring van Meyerspark en het die gemeente dikwels besoek. Hy is veral bekend vir sy missionêre benadering en was ook lid van die Waarheids - en - Versoeningskommissie.

12 Mei: Ds Floors Ellis – Ds Floors was jare lank leraar van Meyerspark en voorheen ook leraar van Silvertonpark. Hy is 'n geliefde afgetrede dominee in ons gemeente.

19 Mei: Ds Ulrich Trumpelmann – Ds Ulrich, tans leraar van Malelane-gemeente, is 'n vorige leraar van Meyerspark. Hy en sy vrou is bekend vir hul gasvryheid en Ulrich veral bekend vir sy musiektalent.

26 Mei: Ds Francois Retief – Ds Retief is 'n uitvoerende amptenaar van die Sinode van Oos Transvaal. Hy was verlede jaar ook ‘n spreker by die kerkraad se jaarlikse beplanning vir die nuwe jaar. Ds Retief verteenwoordig die Sinode by hierdie laaste Sondag van Pinkster wat ook die viering van die gemeente se sestigste verjaarsdag sal wees.

Op **Sondag 26 Mei,** aan die einde van Pinkster, vier ons gemeente ons 60ste verjaarsdag! Ons bied weer ‘n ***“Padkosete”*** aan – 'n gesellige saamkuier met padkosetes. Gemeentelede word vriendelike versoek om op daardie Sondag hul gunstelingpadkos en 'n piekniekmandjie met eetware kerk toe te bring. Ons deel padkos en eet en kuier heerlik saam. Maar eers gee Pinkster padkos vir die siel – padkos waarmee ons met die Heilige Gees op reis is en in die Gees kan leef.

Mag Pinkster 2019 bydra tot geestelike groei in jou lewe.

Bybelleesprogram - Mei 2019 **Die Gees laat lewe**

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1 Rom 8:10	2 2 Kor 1:21 tot 22	3 Ef 1:14	4 Rom 8:16
5 Joh 3:5	6 1 Kor 12:3	7 2 Kor 3:5 tot 6	8 Gal 5:21 tot 22	9 2 Kor 4:13	10 Joh 6:63	11 Joh 6:58
12 Matt 3:11	13 Mark 13:11	14 Luk 1:35	15 Luk 10:21	16 Joh 14:26	17 Hand 1:8	18 Hand 2:14
19 Hand 2:33	20 Hand 2:38	21 Ps 143:10	22 Jes 44:3	23 Gen 1:1 tot 2	24 Jes 59:21	25 Jes 66:22
26 Ef 4: 3 tot 6	27 Rom 1:4	28 Ef 5:18	29 Kol 2:12	30 Gal 3:14	31 1 Tess 5:23	